Henrylaan 51, Shere

Telefoon: 012 809 2884

Postnet Suite 725, Privaatsak X37

Lynnwoodrif 0040

Admin: tiertjie@ngtyger.com

Hoof: tiertjienaskool@ngtyger.com

Naskoolreëls:

Leerders

- meld dadelik by die registerjuffrou aan.
- pak hul tasse netjies by die aangewese plek.
- teken telkens wanneer hulle die naskoolsentrum vir ‘n buitemuurse aktiwiteit verlaat, by die registerjuffrou uit en weer aan met die terugkomslag.
- groet die personeellid wanneer hulle huis toe gaan en maak seker sy het dit wel waargeneem (ter wille van leerders se veiligheid moet elke leerder aan die einde van ‘n skooldag uitgeteken word).
- skryf hul ouers se werkstelefoon, selfoonnommer en huisnommer voor in hul huiswerknotaboek neer

- Alle leerders grade 1 tot 3 moet hul buitemuurse aktiwiteite se tye vir die “loopjuffrou” gee
- Leerders wat aan sport of ander aktiwiteite deelneem, gaan eet eers en stel daarna ‘n personeel in kennis dat hulle aan aktiwiteite by die skool gaan deelneem.
- Ingeval van aktiwiteite direk na skool (kooroefening / tennis) moet die personeel die vorige dag daarvan ingelig word sodat daar ‘n ete vir die leerder uitgehou kan word.
- Geen kos word na 16:30 gebêre nie aangesien die kombuis daarna gesluit word.
- Leerders wat aan buitemurse aktiwiteite deelneem, doen hul huiswerk direk na afloop van die aktiwiteit in die aangewese lokaal.

- Verpligte studie geld vir al die leerders. Leerders wat geen huiswerk het nie, moet ‘n boek saambring en kreatief besig bly sonder om ander leerders te steur.
- Daar word van die leerders verwag om nie met hul voete op die stoele te sit nie.
- ‘n Leerder wat klaar studeer het, stoot die stoel onder die tafel in en ruim die plek netjies op.

- Na studie speel almal wie se huiswerk voltooi is, binne sig van die personeel maar weg van die stoepe af en ook nie agter die jeuglokaal nie.
- Leerders mag nie op die sentrum se stoepe speel of hardloop nie.

- Geen harde balle bv. krieket- of gholfballe word op die terrein toegelaat nie.
- Balspel soos handjietennis word op die drie aangewese bane toegelaat.

- Sou ‘n bal in ´n boom vassit, moet die leerders die personeel vir hulp gaan vra.
- Leerders klim nie in die bome nie.
- Vuil hande en modder aan voete word by die kraan aan die kleuters se kant af gewas.
- Leerders speel of versuim nie in die toilette nie.
- Leerders help om die sentrum se terrein en stoepe netjies te hou.

Samevattend: Almal betoon respek en goeie maniere teenoor mekaar en die sentrum.